Verwysing: 20160811-3126
3/1/1/1/1/5
Navrae: N Ncede

Omsendbrief: 0039/2016
Vervaldatum: 31 Maart 2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunk-direkteure by distrikskantore en Hoofde van preprimêre skole en VKO-onafhanklike skole, en Prinsipale van gewone openbare skole met graad R-klasse

Kort opsomming: *Inligting vir alle rolspelers oor tersaaklike aansoekprosedures vir vroeëkindontwikkeling- (VKO) subsidie en ander sake.*

Onderwerp: Graad R-subsidies en ander VKO verwante sake soos vir 01 April 2017

1. **Toegang tot inligting**

1.1 Die norme en standaarde (N&S)-toewysing vir graad R vir die boekjaar wat strek vanaf 01 April 2017 tot 31 Maart 2018 is op die SOBIS beskikbaar. Toegang kan daartoe verkry word deur die volgende te doen:
Teken aan op die SOBIS.
Klik "Proceed".
Beweeg die pyltjie oor die "Administration"-keuse-item en klik op "Norms and Standards Allocation".
Kies "N&S 2017".
Druk die bladsy.

1.2 U aandag word op die volgende gevestig:
Toewysings word bereken volgens die Nasionale Norme en Standaarde vir graad R-befondsing, soos gewysig in Staatskoerant No. 29179 van 31 Augustus 2006.

Die toewysingsbrief sluit 'n gedetailleerde uiteensetting van die geprojekteerde toewysing vir die 2017/18-boekjaar in, asook voorlopige toewysings vir die volgende twee boekjare, nl. 2018/19 en 2019/20.

Alle toewysings is bereken op grond van die getal leerderinskrywings soos op 01 Augustus 2016 op die SOBIS.

2. Berekening van graad R-toewysing

2.1 Goedkeuring is verleen om die volgende subsidie vir leerders in goedgekeurde graad R-klasse by gewone openbare skole, geregistreerde vroeëkindontwikkelingsentrums en onafhanklike plekke vanaf 01 April 2017 te betaal:

2.1.1 Gewone openbare skole (alle staatsbeheerde skole wat graad R aanbied):
Subsidie per kapita:

Nasionale Kwintel (NK)	Fooistatus van die inrigting	Bedrag betaalbaar per leerder per dag
NK1	Geen fooi	R 26
NK2	Geen fooi	R 26
NK3	Geen fooi	R 26
NK4	Geen fooi	R 26
NK5	Geen fooi	R 26
NK4	Skoolgeld gehef	R 19
NK5	Skoolgeld gehef	R 18

LOOM-toewysing:
Vir geenskoolgeldskole is 'n bedrag van R2 124 per maand betaalbaar vir elke klas wat aangebied word deur 'n opvoeder wat deur Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) betaal word.

Minimum toewysing:
Alle gewone openbare skole met minder as 25 leerders is daarop geregtig om 'n minimum subsidie van R121 050 per jaar te ontvang.

2.1.2 Openbare preprimêre skole:
Elke openbare preprimêre skool sal slegs 'n norme-en-standaarde-toewysing van R18 per leerder ontvang.

2.1.3 Onafhanklike plekke (alle privaat beheerde skole wat graad R aanbied):
Subsidie per kapita:

Nasionale Kwintel	Fooistatus van die inrigting	Bedrag betaalbaar per leerder per dag
NK1	Geen fooi	R 26
NK2	Geen fooi	R 26
NK3	Geen fooi	R 26
NK4	Geen fooi	R 26
NK5	Geen fooi	R 26
NK4	Skoolgeld gehef	R 19
NK5	Skoolgeld gehef	R 18

2.2 Alle graad R-leerders moet op die SOBIS geregistreer wees om vir 'n subsidie te kwalifiseer.

3. **Betalingskedule**

Die getal goedgekeurde skooldae per akademiese jaar sal gebruik word by die berekening van die subsidie, waarvan 50% van die toewysing in die April-tranche en die oorblywende 50% in die Oktober-tranche betaal sal word.

April-tranche = Kwartaal 2 en 3 van 2017-skooljaar
Oktober-tranche = Kwartaal 4 van 2017-skooljaar en Kwartaal 1 van 2018-skooljaar

'n Nuwe geoutomatiseerde proses vir graad R-subsidie-eisaansoeke via die SOBIS sal bekendgestel word. Hierdie geoutomatiseerde proses sal datagehalte verbeter deur graad R-subsidie-eisaansoeke op skool-, distriks- en Hoofkantoorvlak uit te haal, vas te lê en te verifieer Dit sal die huidige proses waar subsidie-eise per hand verwerk word, vervang. Verdere kommunikasie oor die nuwe geoutomatiseerde proses sal in 2017 volg.

4. **Geenskoolgeldskole wat graad R aanbied**

Geenskoolgeldskole wat graad R-befondsing van die Staat ontvang, word nie toegelaat om skoolgeld van graad R-leerders te eis nie (Sien Riglyne vir Nasionale Finansiële Bestuur ten opsigte van Skole wat graad-R klasse aanbied, Oktober 2009, bladsy 4).

Ouers kan versoek word om vrywillige bydraes te maak. Hierdie bydraes is nie verpligtend nie en mag nie gebruik word om leerders uit te sluit omdat hul ouers nie sodanige bydraes kan maak nie.

5. **Gebruik van graad R-toewysing**

5.1 Salaris van die graad R-praktisyn

Skole word daaraan herinner dat graad R-praktisyns by alle skole die volle 80% subsidietoewysing wat twee keer per jaar oorgeplaas word, moet ontvang.

Beheerliggame van NK4- en NK5-skole word versoek om die graad R-praktisyn se salaris te vergroot sodat die praktisyn meer as die minimumbedrag van R7 964 per maand kan ontvang.

Graad R-praktisyns by geenskoolgeldskole is op die volle 80% van die subsidie geregtig.

5.2 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)

10% van die subsidie is vir Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) toegewys, insluitend binnenshuise en buitenshuise LOOM tot voordeel van graad R-leerders.

5.3 Bedryfskoste

Die ander 10% van die subsidie word toegewys vir die betaling van die inrigting se nutsrekeninge, soos telefoonrekeninge, water- en elektrisiteitsrekeninge, kopieer- en drukwerk, skoonmaakmiddels vir en instandhouding van die graad R-klaskamer(s), en enige ander dienste wat deur die graad R-praktisyn verlang word.

6. **Rapporteringsvereistes**

Soos deur die distrikskantore gekommunikeer is, moet normale rapporteringsvereistes eerbiedig word om die volgende subsidiebetaling te bewerkstellig.

7. **Finale toewysingsbrief**

Die finale toewysingsbriewe (gebaseer op die 2017 SNAP-opname-ingeskrewenes) sal teen 17 Maart 2017 op die SOBIS gepubliseer word.

8. **Kontaknommers vir navrae**

Vak	Naam	Telefoonno.
Graad R-subsidietoewysings: Algemene navrae:	Me N Ncede Me M Munnik Mnr S Ruka	021 467 2071 021 467 2196 021 467 2657
Oordragbetalings aan skole (N&S- toewysings)	Kontak die tersaaklike Adjunk-hoofonderwyskundige op distriksvlak.	

GETEKEN: BK SCHREUDER
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-09-23